2nd

**Lila Fourie**

Metro North
**Eversdal Primary**
021 919 3213
Caren de Koker

# Die soeke na Thandi se lag

Dit was ‘n koue wintersoggend in die Land van Skaterlag. Lila word wakker van ‘n groot lawaai. Sy loer by haar ventster uit en gewaar ‘n ruimteskip! Die deur gaan oop en Felix en Felicity spring uit.

“Felix en Felicity! Is dit regtig julle? vra Lila verbaas. “Wat maak julle hier in Skaterlagland? Dis nou ‘n verassing. Kom ek gaan wys julle my skool!”

Oral by die skool lag die kinders, onnies en selfs die diere dat die trane loop. Almal lag, behalwe Thandi. Thandi het haar lag verloor. Dis ‘n ramp, ‘n absolute krisis!

Almal help soek na Thandi se lag. Hulle soek in die snoepie, die klaskamers en die sportvelde. Thandi se lag is skoonveld.

Onder die rugbypale gewaar Lila vir Ferdi. Hy rol soos hy lag en sy tone krul. Lila besef itets is nie reg nie. “Ferdi, het jy Thandi se lag gesteel? Ferdi kyk af grond toe. “Ek is so jammer. Niemand wil ooit met my speel nie en ek het gedink as ek nog ‘n ekstra lag iewers in die hande kan kry sal almal meer van my hou.”

“Ag nee Ferdi, sê Lila. “Dit is nie mooi nie. Hoekom vra jy nie net vir ons om jy kan saamspeel nie?”
“Want ek is bang julle sê nee. Ek is nie so vinnig in resies hardloop of slim met somme soos julle nie”, verduidelik Ferdi.

Ferdi gee vir Thandi haar lag terug en die maats nooi hom om saam met hulle te speel. Felix en Felicity wens vir Lila geluik met haar ontdekking en ook dat Ferdie ook nou maats gaan hê.

“Totsien almal. Dit was lekker om hier by julle in Skaterlagland te kuier. Mag almal ewig so lekker lag!”, groet Felix en Felicity.